# DIE WESTMINSTERSE KONFESSIE
## 1647 — 1947.

Die Hervorming is in Skotland veel konsekwenter deurgevoer as in Engeland. Die rede hiervan moet gesoek word in die oorsake wat hierdie magtige sestiende eeuse beweging in genoemde twee lande gehad het. In Skotland het dit uit 'n religieuse behoefte onstaan, terwyl dit in Engeland meer uit 'n staatkundige drang voortgekom het, waarby die vroue-kwessie van Hendrik VIII 'n nie onbelangrike faktor was nie.

Hoewel die Hervormde Kerk van Skotland eers in 1567 as sodanig deur die parlement erken is, het dit tog reeds in 1557 bestaan toe die eerste *Covenant* te Edenburg gesluit is, met die doel om die Evangeliese Kerk te handhaaf en te verdedig.[1]) Die eerste Protestantse Konfessie is egter eers in 1560 aangeneem. Dit was die werk van John Knox. Die voorberig daarvan was vir daardie dae toe die mense baie omslagtig was, baie kort, maar nietemin spreek die besliste gees van die martelare daaruit, wat bereid was om hul belydenis met eie bloed te beseël, en wat ook die gees van 'n Guido de Bray was.[2]) Tot die jaar 1643 vind ons verskillende sodanige „Covenants" wat met hierdie doel in Skotland aangegaan is. Die laaste, die *Solemn League and Covenant* van 1643, kan in seker opsig wel die mees belangrike genoem word. Al het dit nie die doktrinêre betekenis van die groot *Covenants* van 1580 en 1638 gehad nie, tog was die invloedsfeer veel groter. Hierdie *Solemn League and Covenant* was anti-episkopaals sowel as anti-Rooms. Dit vorm die skakel tussen die Skotse presbiterianisme en die Engelse puritanisme, tussen die algemene Sinode van die Skotse Hervormde Kerk en die Westminsterse Sinode, tussen die Skotse parlement en die Engelse „Long Parliament". Dit was nie net tot Skotland beperk nie, maar het na 'n godsdienstige eenheid tussen Skotland, Engeland en Ierland gestrewe. Dit het dus 'n veel meer omvattender doel voor oë gehad.

Die onmiddellike doel van hierdie *Covenant* van 1643 was om die hulp van Skotte in die oorlog wat die Engelse parlement op daardie tydstip teen die Koning gevoer het, te verkry. Die Engelse het egter 'n bloot staatkundige verbond begeer, terwyl die Skotte 'n godsdienstige verbond as voorwaarde van hul hulpverlening gestel het.

Die *Solemn League and Covenant* is in September 1643 deur die Engelse parlement goedgekeur, en daarop het 'n verenigde leër van

---

[1]) Die teks van hierdie *Covenant* is te vinde by John Cunningham: The Church History of Scotland (1882), vol. I p. 243-244.

[2]) Sien Hervormde Teologiese Studies, Mei 1944, p. 109-114.

Skotte en Engelse teen die monargale en episkopale onderdrukkingsmagte te velde getrek, met die doel om die presbiteriaanse eenheid te bewerkstellig.

Die Hervorming het in Engeland vanaf die aanvang twee lyne vertoon. Die een was semi-Rooms van aard, konservatief en aristokraties. Die ander was anti-Rooms, radikaal en demokraties. Onder Edward VI is groot vorderings gemaak. Vir die erediens het daar 'n *Prayer Book* tot stand gekom wat 'n hervormde karakter gedra het. Maar sy regering wat slegs van 1547 tot 1553 geduur het, was te kortstondig om die Hervorming 'n kragtige beslag te gee. Onder die Bloedige Maria, 1553-1558, is dit weer terug gedring, en is gepoog om die Rooms Katolisisme met behulp van vuur en swaard te laat segevier. Verskillende persone moes in die buiteland veiligheid gaan soek, en in Frankfort is 'n gemeente gevorm wat onder leiding van John Knox gestaan het. Daar het egter in die gemeente 'n twis oor die vorm van erediens ontstaan.[3]) Knox wou die *Prayer Book* van Eduard VI nog meer hervorm, en dit van alle Roomse oorblyfsels suiwer, maar dit het hierop uitgeloop dat Knox en sy aanhangers Frankfort moes verlaat. Hulle het na Genève gegaan en daar 'n gemeente gevorm waar Knox sy liturgie in die gees van Calvyn kon uitbou. Hierdie liturgie is tussen 1562 en 1564 in Skotland gewysig tot wat bekend is as die liturgie van John Knox.[4])

Na die troonsbestyging van Koningin Elisabeth in 1558 het die twee partye na Engeland teruggekeer. Die geskilpunt het bly bestaan, en verder ontwikkel om straks tot 'n skerp konflik te voer. Dit was nou nie meer 'n kwessie van erediens nie, maar ook van kerkregering. Die streng hervormd gesinde party wou nie alleen die liturgie volgens die riglyne van Genève omvorm nie, maar ook die bestuur van die kerk. Die episkopaalse stelsel moes vir die presbiteriale kerkinrigting plek maak.

Onder Jacobus 1, 1603-1625, het die stryd 'n nuwe fase ingetree. Jacobus se slagspreuk was „no bishop no king": as die biskoplike stelsel in die Kerk sou verdwyn, dan sou daarmee ook die monargale stelsel in die staat verdwyn. Die opvatting van die *divine right of kings* wat so kenmerkend van die Stuarts was, moes noodwendig 'n diepe afkeer van die kerklike demokrasie van die Puriteine ontwikkel het. Dit het onder Karel I wat in 1625 Jacobus I opgevolg het, nog erger geword, veral toe William Laud in 1633 die aartsbiskoplike setel van Kantelberg ingeneem het. Laud was 'n tipiese Anglo-Katoliek wat met die Roomse

---

[3]) A. H. Drysdale: History of the Presbyterians in England (1889), p. 14-80. William D. Maxwell: John Knox's Genevan Service Book, 1556 (1931), p. 2-16.

[4]) Die liturgie van John Knox is in 1868 opnuut uitgegee deur G. W. Sprott en T. Leishman, en in 1901 weer herdruk. Dit is ook van belang by die bestudering van die liturgiese geskrifte van die Ned. Herv. Kerk.

Kerk nie veel verskil het nie. Van die kerkhervorming as sodanig het hy 'n afkeer gehad, en die Anglikaanse Kerk was vir hom alleen maar 'n onafhanklike suster van die Latynse en Griekse Kerke. Hy moes dan ook noodwendig vyandig teenoor die Hervorming staan. Karel I en Laud het saam 'n koninklike-episkopaalse tirannie uitgeoefen wat op die duur onhoubaar geword het. Hulle het vir die toepassing van hul onderdrukkingsbeleid oor twee instellings beskik, naamlik die *Starchamber Court* en die *High Commission Court*. Die eerste was staatkundig van aard en die tweede kerklik, en hulle was altwee inkwisitoriale instellings van die ergste soort.

Die toestand het op die duur so ondraaglik geword dat dit op 'n uitbarsting uitgeloop het, en in Augustus 1642 het die oorlog tussen die parlement en die Koning uitgebreek. In die begin was die sukses aan die kant van die Kavaliers, die oorlogsparty van die Koning, maar onder die bekwame leiding van Cromwell het dit na die Roundheads, die party van die parlement, oorgegaan.

Nadat die parlement verskillende suksesse behaal het, het dit op 12 Junie 1643 'n ordinansie uitgevaardig waarin 'n algemene sinode saamgeroep is om 'n meer volkome hervorming deur te voer in verband met die kerkleer, die erediens en die kerkregering. Die parlement het al die lede behalwe die Skotse afgevaardigdes self benoem, die tyd en plek van samekoms bepaal, die agenda opgestel en selfs die voorsitter en die scriba's benoem. Hierdie sinode was dus nog meer as die van Dordrecht, 'n staatskreatuur. Dit het op 1 Julie 1643 in die Westminster Abdy te Londen saamgekom en het tot op 22 Februarie 1649 vergader waarna dit nog gedurende vier jaar in 'n verkleinde vorm as 'n komitee saamgekom het. Hierdie roemrugtige kerkvergadering staan as die Sinode van Westminster bekend.[5])

Die Koning het probeer om die samekoms van die Sinode te verhinder, en toe hy nie geslaag het nie, het die episkopale weggebly. Daar was tog nog drie partye in die Sinode, naamlik die Presbiteriane, die Independente en die Erastiane. Hiervan het die Presbiteriane die meerderheid uitgemaak. Hulle het 'n presbiteriale vorm van kerkregering voorgestaan sonder biskoppe, met klassikale en sinodale vergaderings waarin die gemeentes verteenwoordig sou wees. Die kerk bestaan uit gemeentes en vorm 'n eenheid waarvan 'n plaaslike gemeente hom nie van kan afskei nie. Die Independente wou nie van 'n kerk met klassikale en sinodale vergaderings weet nie. Vir 'n „ruling elder" was by hulle geen plek nie. Iedere gemeente is 'n selfstandige kerk wat uit bekeerdes moet bestaan en nie aan die jurisdiksie van 'n klassis of

---

[5]) Die literatuur is baie uitgebreid. Ons verwys hier slegs na W. M. Hetherington: History of the Westminster Assembly (vierde en vyfde druk, besorg deur R. Williamson, 1878 en 1890); en B. B. Warfield: The Westminster Assembly and its Work (1931).

sinode onderworpe moet wees nie. Die derde groep, die Erastiane, wou die kerklike bestuur aan die staat oordra, sodat dit 'n staatsdepartement sou wees.

Die belangrikste vrug van hierdie sinode was die Westminster Konfessie. Dit is die laaste groot Hervormde konfessie en het tot-stand gekom in 'n tyd toe die Hervormde leersisteem tot-rypheid gekom het. Dit is 'n samevatting van die doktrinêre bespiegelings van die Hervormde Kerke, en sluit 'n ontwikkelingsperiode af, waarop 'n periode van verval gevolg het. Die Westminsterse Konfessie staan op die hoogtepunt van die stygende lyn en 'n kennis daarvan is onmisbaar vir die regverstaan van die sewentiende eeuse Calvinistiese Hervormings gedagte.

Die Westminsterse Konfessie het die spoor van die *Thirty Nine Articles* van die Engelse Kerk gevolg, van die *Lambeth Articles* van 1595 en van die *Irish Articles* van 1615. Maar dit moet nie uit die oog verloor word nie, dat die opstellers goed bekend was met die teologie van die vasteland, en veral met die van Holland. Thomas McCrie stel dit egter te sterk as hy sê [6]) dat „the Westminster Confession bears unmistakably the stamp of Dutch theology in the sharp distinctions, logical forms and judicial terms into which the reformed doctrine had gradually moulded itself under the red heat of the Arminian controversies." Die Aberdeense kerkhistorikus, G. D. Henderson, wat 'n besondere studie van die Skotse teologie van die sewentiende eeu gemaak het, en wat ook goed op hoogte is met die Nederlandse teologie van dieselfde eeu, verklaar [7]): „The *Westminster Confession* was not based upon Dort, but had it clearly in mind; and after Dort no minister in Scotland might with safety be anything but a good Calvinist . . . The *Westminster Confession* was framed by men who had been combating Arminiam and other errors and this makes itself apparent in their work. George Gillespie, one of the Scots assessors at Westminster, made a speech in the General Assembly at Edinburgh in 1647 in which he pointed out that „the confession of Faith is framed so as it is of great use against the floods of heresies and errors that overflow that land; nay, their intention of framing it was to meet with all considerable errors of the present time, the Socinian, Arminian, Popish, Antinomian, Anabaptist, Independent errors etc."

At Westminster explicit references were made to the Synod of Dort, to the *Synopsis Purioris Theologiae*, to the doctrines of the Ar-

---

[6]) Dr. Thomas McCrie: Annals of English Presbytery, from the Earliest Period to the Present time (1872), p. 177.

[7]) Dr. G. D. Henderson: Religious Life in Scotland in the Seventeenth Century (1937), p. 72, 96 en 97. Hoofstuk IV, „Scotland and the Synod of Dort", het in 1931 in die Nederlandsch Archief voor Kerk Geschiedenis verskyn.

[8]) Dr. Thomas McCrie: Annals of English Presbytery, from the Earliest Period to the Present time (1872), p. 177.

minians, to Amyraldism and so on. On October 22nd, 1645, in parti cular, there was a debate on „Redemption of the elect only by Christ", and in this both George Gillespie and Samuel Rutherford took part, and the position of Dort was discussed. The general result was quite in accord with the spirit of Dort. Indeed the whole attempt to frame a new confession was at variance with Arminian views about Confessions."

In Holland en veral in die provinsie Zeeland en met name in die Klassis Walcheren is die verrigtings van die Sinode van Westminster met belangstelling gevolg. Die Middelburgse predikant, Willem Apollonius het selfs namens die Klassis Walcheren 'n troosbrief daarheen geskryf in verband met die moeilikhede wat die Independente daar veroorsaak het. Iets later het Apollonius 'n verhandeling teen die Independente opgestel en in druk uitgegee en na Westminster gestuur waar aan ieder lid van die sinode 'n eksemplaar ter hand gestel is. Dit het op die sinode indruk gemaak, en die ingenomenheid daarmee was so groot en die adviese wat daarin vervat was, so waardevol, dat die sinode Apollonius skriftelik daarvoor bedank het.[8])

Nadat die Noord Hollandse Klassis van Edam met die Westminsterse Konfessie kennisgemaak en dit goedgekeur het, is eenpariglik besluit „dat sulck een juweel voor onse Natie niet langer behoorde verborgen te blyven, maer in 't licht gegeven te worden," en het as sy oordeel uitgespreek dat hierdie konfessie nie alleen met die Skrif asook met die Nederlandse belydenisskrifte ooreenkom nie, „maer datse vytmunt van wegen hare korte volmaecktheydt, en volmaeckte kortheydt, vergheselschapt met een bysondere klaerheydt; en datse derhalven om harer deftigheydt wille, in alle talen behoorde overgheset en ghedruct te worden." In 1651 het daar dan ook in Amsterdam 'n Hollandse vertaling die lig gesien.[9])

Maar die tyd van die konfessies was aan die verbygaan, en die Westminsterse Konfessie kon hom, behalwe in die Skotse Kerk, met sy vertakkings waar dit vandag nog erken word, geen plek verower nie.

In Engeland is dit met die restaurasie van Karel II in 1660 opsy gesit, en op die vasteland het dit daarna so in die vergeetboek geraak dat dit in die *Corpus Librorum Symbolicorum* van J. C. G. Augusti van 1827, ontbreek, en in die *Encyclopaediae Theologicae* van Joannes Clarisse van 1832, nie onder die lys van konfessies genoem word nie. Toe H. A. Niemeyer in 1840 sy *Collectio Confessionum in Ecclesiis Reformatis* uitgegee het, het hy die Westminsterse nie eers gesien nie, en pas later het hy dit as 'n appendix die lig laat sien.

---

[8]) W. M. Hetherington: History of the Westminster Assembly, p. 301-302; Biographisch Woordenboek voor Protestantsche Godgeleerden in Nederland, deel I, p. 202-205. D. Nauta: De Ned. Gereformeerden en het Independentisme der Zeventiende Eeuw (1936), p. 15-28.

[9]) De Belydenissen des Geloofs der Kercken van Engelandt, Schotlandt en Yrlandt (1651), voorberig „Aen den Leser", p. 3 en 4.

'n Kennismaking met die Westminster is egter onontbeerlik by die bestudering van die sewentiende eeuse dogmatiese teologie. Soos reeds gesê, vorm hierdie Konfessie 'n hoogtepunt in die ontwikkeling van die Hervormde kerkleer. Maar op elke hoogtepunt volg 'n afdalende lyn. So ook hier. In Holland het na die Dordse Sinode die tydperk van die protestantse skolastiek ingetree. In die sewentiende eeu is die Hervormde Kerk beroer deur die Voetiaanse en Coccejaanse twiste en die agtiende eeu was 'n tyd van ongeloof en rasionalisme. Die waarheid laat hom nou ter enemale nie in formules pers nie, en elke menslike formulering van die ewige waarheid Gods moet dit tekort doen. In hierdie sondige wêreld van tyd en van ruimte kan die Christen met sy sondige menslike verstand met al sy beperktheid nie die ewige dinge ten volle beleef en aanskou nie.

Our little systems have their day;
They have their day and cease to be:
They are but broken lights of thee,
And thou, o Lord, are more than they.

Die Westminsterse Konfessie het die worsteling om die ewige waarheid Gods dan ook nie beëindig nie. In Skotland is dit tydens Karel II en Jacobs II te midde van bloedige vervolgings gehandhaaf, waarby martelare tevoorskyn geroep is. Met die troonsbestyging van die groot Oranje, Willem III, in 1688, is die regte van die Presbiterianisme in Skotland erken, maar daarop het 'n tyd van twiste gevolg, die sogenaamde *Marrow Controversy* en die stryd tussen die *Evangelicals* en die *Moderates*. Die Westminsterse Konfessie kon sulke twiste nie verhoed nie. En waar die betekenis van hierdie Konfessie nie onderskat moet word nie, mag dit ook nie oorskat word nie. Trouens die Westminster waarsku self teen 'n sodanige oorskatting, en beklemtoon die gesag van die Skrif.

Die eerste hoofstuk handel oor die Skrif en ons beluister daarin dieselfde uitgesproke gedagtes as in die eerste sewe artikels van die Nederlandse Geloofsbelydenis. Die Skrif, so lui dit, is die reël van geloof en lewe. Die leer kry geen voorrang bowe die lewe nie, maar ook nie die lewe bowe die leer nie. Die Westminster ken geen teenstelling tussen leer en lewe nie, en bied geen geleentheid vir 'n onsalige twis oor die vraag wat eerste kom, die leer of die lewe. Leer en lewe is onskeidbaar, en altwee moet in die Skrif wortel. Die lig van die natuur en die werke van die skepping en van die voorsienigheid, dit wil sê die onderhouding en die besturing van die skepping, leer ons wel dat daar 'n God is en maak ons met sy wysheid en mag bekend. Maar hierdie kennis is alleen om aan die mens alle verontskuldiging weg te neem, en dit is geen genoegsame kennis tot saligheid nie. God het Hom daarom op biesondere tye en op verskillende wyse geopenbaar en hierdie openbaring op skrif laat plaas. Maar aangesien

die vroeëre wyse van openbaring opgehou het, is die Skrif beslis noodsaaklik. Hierdie Skrif of Woord van God is vervat in die boeke van die Oue en Nuwe Testament, en die Apokriewe vorm daar geen deel van nie. Die bybelboeke word gewoon opgesom sonder dat enige inleidingsvrae ter sprake gebring word. Vir kritiese ondersoek word ruimte gelaat en die voorbeeld gegee deur die brief aan die Hebreërs nie aan Paulus toe te ken nie. Die gesag van die Skrif rus nie op die getuienis van 'n mens of kerk nie, maar op God self, die outeur daarvan. Die sekerheid van die onfeilbare waarheid en goddelike gesag van die Skrif word aan die inwendige werking van die Heilige Gees ontleen. Die Skrif bevat alles wat vir die kennis tot saligheid nodig is, en daar mag geen toevoegsels aan gemaak word nie deur nuwe openbaringe of menslike oorlewerings. Alles is in die Skrif nie ewe duidelik nie, maar wat vir die kennis tot saligheid nodig is, is duidelik, vir geleerd en ongeleerd. In verband met leergeskille is 'n beroep op die Skrif finaal, en die onfeilbare reël om dit uit te lê is nie om die duister plekke met menslike lig te wil belig nie, maar om die lig van die Skrif self daar op te laat val, en Skrif met Skrif uit te lê.

Dit sou te lank neem om hier 'n oorsig van die hele Westminster te gee, en daarom word op nog slegs 'n paar doktrin$re aspekte gewys.

Die Westminster is beslis nie supralapsaries nie. Dit gaan nie van die verborge raad van God uit nie, maar van sy geopenbaarde raad; nie van die uitverkiesing nie, maar van die verbond. Vóór die Sondeval het die mens 'n vrye wil gehad en toe het God met hom 'n werkverbond aangegaan. Die mens het egter met die Sondeval die werkverbond verbreek en hy het sy vrye wil verloor, en toe het God in sy vrederaad met sy Seun besluit om met die mens 'n nuwe verbond op te rig, deur die verbroke werkverbond met die genadeverbond te vervang. Die doop is 'n teken en seël van hierdie genadeverbond, van die inenting in Christus, van die wedergeboorte, van die vergiffenis van sondes, van die oorgawe aan God om in 'n nuwe lewe te wandel, van die opneming in die sigbare kerk. Die latere Kuyperiaanse leer van die veronderstelde wedergeboorte by die doop is dan ook in teenspraak met die Westminsterse Konfessie, net soos wat dit in teenspraak met ons doopformulier is.

Die verbondsteologie kom nie voor in die ekumeniese simbole nie en ook nie in die Roomse en Lutherse konfessies nie, en spaarsaam in die Hervormde belydenisskrifte. Swingli en Calvyn, maar veral Heinrich Bullinger was onder die reformatoriese teoloë die uitbouers van die verbondsteologie. Dit is in Engeland gebring deur Petrus Martyr, Martinus Bucer en Johannes á Lasco, en die vroeëre Puriteine het daar plek aan gegee in hulle prediking en in hulle geskrifte, waarvan Preston se *Treatise on the New Covenant*, 1629, John Ball se *Treatise of the Covenant of Grace*, 1645, en *The Marrow of Modern Divinity* veral

genoem moet word. In Holland het dit voorstanders gevind in Johannes Coccejus en Hermanus Witsius. Dit is eienaardig dat die verbondsteologie en met name die Westminsterse Konfessie in Engeland en Skotland 'n strenge Sondagsrus veroorsaak het, terwyl dit in Holland onder invloed van die Coccejaanse teologie juis 'n verslapping in die Sondagswering gebring het.[10]) Maar hierdie verskillende opvatting oor die Sabbat is bepaal deur die verskil in opvatting aangaande die vraag of die vierde gebod onder die sedelik-religieuse wette val en dus blywend van krag is, en of dit tot die seremonieële wette behoort en dus van verbygaande aard is.

Oor die toestand na die dood laat die Westminster hom baie beslis uit. Met die dood vergaan die liggaam wel, maar die siel is onsterflik en gaan tot God wat dit gegee het, en die leer van 'n sieleslaap word veroordeel. In die laaste van die dae vind die opstanding plaas.

Daar is nog een kenmerkende aspek waar ons hier op wil wys nl. die beskouing van die Westminster oor die staat en oor die kerk soos dit voorkom in hoofstukke XXIII en XXXI.

Die owerheid is deur God ingestel, maar dit mag nie die Woord en sakramente bedien nie, of die sleutels van die koninkryk van die hemele gebruik nie. Maar die owerheid het egter wel 'n taak teenoor die kerk, nl. om toe te sien dat die eenheid en vrede daarin bewaar word, dat die waarheid Gods suiwer en in die geheel gehou word, dat godslasteringe en ketterye onderdruk word, dat alle bederf en misbruike in die erediens en die regering van die kerk geweer of hervorm word, en dat alle ordinansies van God behoorlik bevestig, toegepas en onderhou word. Hiervoor het dit die reg om sinodes saam te roep en ook om daarin aanwesig te wees en om toe te sien dat alles wat in sulke sinodes verhandel word, volgens die mening van God is. Wat die taak van die owerheid teenoor die godsdiens aanbetref, word dieselfde geleer as in art. XXXVI van die Ned. Geloofsbelydenis in sy ongewysigde vorm soos ook nog deur die Hervormde Kerk aangeneem word. Die wysiging of liewer die skrapping van die bekende sinsnede deur die Geref. Kerk van Holland waardeur die hele artikel van sy betekenis beroof word, vind in die Westminster geen steun. Die eis van God is dat die owerheid 'n Christelike owerheid moet wees, die staat 'n Christelike Staat. Nie alleen die kerk word vir die koningskap van Christus opgeeis nie, maar ook die staat. Christus moet op alle terreine van die lewe heers.

Die Westminster beklemtoon die absolute heerskappy van Christus nie alleen baie sterk nie, maar lê aan die owerheid die verpligting om die christelike godsdiens te handhaaf, so skerp op, dat die konfessie die gevaar loop om in die Erastiaanse woestynsand vas te raak.

---

[10]) S. D. van Veen: Zondagsrust en Zondagsheiliging in de Zeventiende Eeuw, bls. 113-153.

In Engeland waar in teenstelling met Skotland die Hervorming grotendeels van hulp van die Owerheid afhanklik gemaak is, kon die Presbiterianisme hom na die troonsbestyging van die na Rome geneigde Karel II, nie handhaaf nie.

Die sinodes is volgens die Westminster nodig vir die betere regering en die verdere opbouing van die kerk. Waar dit die plig van die owerheid is om hierdie sinodes saam te roep, daar kan die dienare van die Woord egter kragtens hulle amp self sulke sinodes hou buite die owerheid om, as die owerheid die kerk vyandig gesind is. Die sinodes het verskillende take. Hiertoe behoort die oplossing van geskille in geloofsake; die opstel van reëls en voorskrifte vir die erediens en vir die kerkregering; die ontvang van klagte in verband met slegte praktyke en die behandeling van sulke klagte, en die besluite wat daaroor geneem word moet as dit in ooreenstemming met Gods Woord is, aanvaar word. Alle sinodes, algemene sowel as besondere, vanaf die dae van die apostels af, kan dwaal en baie het ook gedwaal, en daarom mag hulle nie tot geloofsreëls of lewensreëls gemaak word nie, maar moet hulle gebruik word as hulp vir leer en lewe. Hier hoor ons dieselfde as in artikel VII van die Nederlandse Geloofsbelydenis: geen geskrifte van mense, hoe heilig hulle ook al gewees het, mag met die goddelike Skrifte gelykgestel word nie, of ook die gewoonte met die waarheid Gods nie, of ook die groot menigte of die oudheid of die opvolging van tye of persone of die konsilies, verordeninge of besluite nie. En wat die verhouding tot die staat aanbetref, moet die sinodes alleen oor kerklike sake handel, en nie oor politieke sake nie, behalwe deur in buitengewone gevalle deur middel van versoekskrifte of om raad te gee as geag word dat die owerheid dit nodig het.

Ons kan hier nie verder op die inhoud van die Westminster ingaan nie. Ons bedoeling was alleen om die aandag te vestig op hierdie belangrike Hervormde konfessie wat driehonderd jaar gelede in die nadae van die Reformatoriese teologie, die lig gesien het. 'n Vertaling daarvan in Afrikaans sal nuttig wees, en sal D.V. binnekort die lig sien.

S. P. ENGELBRECHT.